"Observatory library levels the playing field, offering vital resources as well as specialised programmes to empower the surrounding community. Public libraries are an essential cornerstone of building strong communities. Not only do they provide an essential service in supporting education and literacy, today's libraries also offer innovative technology and online services that can unlock a host of opportunities," Ms Walker added.

She said the public should never underestimate the "social, cultural and educational importance of our libraries". "We celebrate the 110 years during which Observatory library has provided these important services. This library is more popular than ever before and 163 new members joined between July 2015 and February 2016," Ms Walker proudly said.



the library was built without a toilet and staff had to use the toilet at the railway station.

During the birthday celebration month a number of photographic collages were displayed throughout the library portraying staff (old and new), various holiday activities and outreach programmes and the Friends of the Library. A video recording was run on a loop showing various interviews with longstanding members of the library sharing and reminiscing about their experiences with the library. Many of the members have enjoyed using the library for over 50 years, together with their children. Now their grandchildren have also become library members.

The celebratory month was an incredibly positive experience for the staff as the community acknowledged and thanked them for the positive impact that the library has on everyone's lives.

*Congratulations on this amazing milestone — 110 years of dedicated service to the community is indeed laudable! ED*

*Nadia Ismail is the senior librarian at Observatory Library*



# Avian Park Biblioteek

Die amptelike inwyding deur Lorraine Lank

Die behoefte aan 'n biblioteek in Avian Park is in 2011 deur die gemeenskap geïdentifiseer en 'n aansoek is derhalwe na die Wes-Kaapse Biblioteekdiens gestuur. Die feit dat daar reeds 15,965 persone in Avian Park woonagtig was, het die Biblioteekdiens laat besluit dat die grootte van hierdie gemeenskap 'n volwaardige biblioteek regverdig.

'n Bedrag van R5,000,000 is beskikbaar gestel vir die bou van 'n splinternuwe biblioteek gedurende die 2014/2015 en 2015/2016 finansiële jare. Die projek is op 9 April 2015 geloods en die sooispitseremonie is op 5 Mei 2015 gehou, waargeneem deur die Minister vir Kultuursake en Sport, Me Anroux Marais.

Die bouprojek, onder leiding van die biblioteekbestuurder Me Christine Gerber, is op 9 Desember 2015 voltooi. Ander rolspelers wat by die projek betrokke was sluit in die argitekte,

mnrre Verwey en Maans, die projekbestuurder, Mnr Mia, en die kontrakteur Mnr Xigombe.

Die biblioteekvoorraad is gedurende die eerste week van April 2016 uitgepak en staan tans op 8,245 biblioteekmateriaalitems. Die vloeroppervlak van die biblioteek is 460m<sup>2</sup> en sluit 'n saal vir aktiwiteite en 'n volwasse-, jeug-, en kinderarea in. Die gebou maak voorsiening vir kantoorspasie, 'n werkkamer en 'n baie goed toegeruste kombuis. Die biblioteek is ook gebruikersvriendelik vir persone met gestremdhede en beskik oor vyf rekenaars met Internetfasiliteite vir die gemeenskap.

Die personeel sluit in een bibliotekaris, twee biblioteekassistentente en een algemene assistent.

Avian Park se deure is op 22 Julie 2016 vir die publiek geopen – 'n dag dag ná die amptelike opening.



Gebruikers kan hier ontspan



Minister Anroux Marais saam met leerders van Avian Park Primêre Skool



Minister Anroux Marais geniet dit om deur die boekevoorraad van die nuwe biblioteek te snuffel



(Lnr): Adjunkdirekteur Stefan Wehmeyer, Nombasa Makas en Megan Rose (bibliotekaris), Minister Anroux Marais, Parlements lid Kobus Marais, Felicia Haas en Beatrice Human (bibliotekaris)



Harmoniese sang deur die leerders van Avian Park Primêre Skool



(Lnr): Christine Gerber, burgemeester Antoinette Steyn en Minister Anroux Marais tydens die amptelike opening van Avian Park Biblioteek



Die kleurvolle kinderafdeling

Onder die bekwame leiding van Christine Gerber, biblioteekbestuurder van die Breederiviervallei Munisipaliteit, is openbare biblioteekdienste in die munisipaliteit oor die afgelope paar jare aansienlik uitgebrei. Voltooide biblioteekprojekte in die Breederiviervallei Munisipaliteit sluit in Fairhills Mini-biblioteek, Sandhills Mini-biblioteek, Hexvallei Mini-biblioteek, Overhex Mini-biblioteek, Slanghoek Modulêre Biblioteek, asook die opgradering van Touwsrivier Biblioteek.

Die Breederiviervallei Munisipaliteit het R10,632,000 vir die 2016/2017 boekjaar vanuit Voorwaardelike Toelaagbefondsing ontvang. Die meeste van hierdie fondse sal aangewend word vir personeel. Daar is ook voorsiening gemaak vir die opgradering van Worcester Biblioteek. Die projek sal binnekort geloods word.

Lorraine Lank is die streekbibliotekaris in Worcester Streek.  
(Foto's deur Meryl Davidson, Kommunikasiediens, Departement van Kultuursake en Sport)



# Jans Rautenbach... die befoeterde baanbreker is weg

**Meer oor die man wat die Afrikaanse verteltoneel ingrypend verander het** deur Marlene Malan

**T**oe Die kandidaat die Afrikaanse rolprentbedryf in 1968 getref het, ná dekades van 'veilige, geïkonneerde' flikformules, 'was dit soos 'n skokstok wat in kykers se lieste gedruk is'. Die flik, die tweede deur Jans Rautenbach, was die eerste grote op die Suid-Afrikaanse silwerdoek.

'n Formidabele, befoeterde regisseur en draaiboekskrywer storm na vore, gryp die geïndoktrineerde kyker soos 'n bulhond aan die strot en skud hom dat die bloed spat. Hy vertrap elke liewe heilige koei wat voorkom. Hy skok hom uit sy gerieflike rolprentsluimerslaap. Jans Rautenbach betree die toneel met mening.'

Só skryf die rolprentkenner Leon van Nierop in sy omvattende

geskiedenisboek van die Afrikaanse rolprentbedryf, *\*Daar doer in die flik*.

In November, by die Prince Albert Leesfees, het Leon en nog drie rolprentgrote, die filmmaker en regisseur Koos Roets en die akteurs Johan en Lida Botha, 'n aansienlike deel van hul gesprek oor ons filmwese aan Rautenbach afgestaan.

Gepas en tersaaklik, want twee dae voordat dié fees van skrywers en boeke begin het in die teater wat na hom vernoem is, het Jans gegroet toe hy op 2 November op die ouderdom van 80 oorlede is. Presies 'n jaar gelede, onthou ek, het ek opgekyk toe hy skielik in die Jans Rautenbach Schouwburg se voorportaal staan. Hy het sy laaste flik, *\*Abraham* (2015), in



*Jans Rautenbach by die Prince Albert Leesfees 2015 in die voorportaal van die teater wat sy naam dra*



*Jans Rautenbach en van die akteurs in sy laaste flik, *Abraham*, tydens die Prince Albert Leesfees 2015*

*Alle foto's: Marlene Malan*



Die naambordjie van Oulap, Jans Rautenbach se plaas naby De Rust



Johan Botha, Lida Botha, Leon van Nierop en Koos Roets

'sy' teater kom bekend stel. Ek het die voorreg gehad om hom uiteindelik te ontmoet, te laat sit vir 'n foto. Ek onthou hom as belangstellend en insiklik. Ek het die indruk gekry van 'n plat-op-die-aarde-mens.

Hy was 'n man wat die omgewing vir filmwerk ingespan het en wat 'n groot bydrae gelewer het tot projekte in die gebied. Hy was onlosmaaklik met De Rust, Klarastroom en Prince Albert verbind.

Leon, Koos, Johan en Lida het vertel van 'n man wat die Afrikaanse rolprentwese op sy kop gekeer het. In die filmklimaat van die 1960's waar veilige uitweë gekies is, waar clichés die norm was, waarin simpel grappies soms die gehoor se intellek



onderskat het, waar sentimentele liedjies atmosfeer moes skep, het Jans vernuwend gedink. Hy het 'n grondverskuiwende koers met fliekvervaardiging en regisseurswerk ingeslaan. Sy eerste fliek, **Kimberley Jim** (1963), was nog deel van die wollerige veiligheid van die vorige era. **Die kandidaat** (1968) sou 'n maatstaf word wat vandag nog onthou word. 'Weg was die vriendelike en oulike eendag-was-daar-'n-lomp-speurder-stories. Weg was die gehoorvriendelike spel deur akteurs wat eintlik maar konsert gehou het voor die kamera. Verby was die stywe, formele roman-dialoog wat na paragrawe uit 'n pedantiese roman geklink het. So ook die eina regie waar die kamera eintlik maar net op die pratende akteurs gefokus het,'



Laetitia van Dyk, eienaar van die Jans Rautenbach Schouburg in Prince Albert, Dana Snyman, Jans en Almeri Rautenbach



Vlakteplaas Primêr, die skooltjie naby Oulap, waar 'n gedenkdiens vir Jans Rautenbach gehou is



skryf Leon in Daar doer in die fliëk.

Die befoeterde man het na vore getree en heilige koeie uit die kraal gejaag. 'Die kandidaat het die Suid-Afrikaanse rolprenttoneel vir altyd verander, horisonne verbreed en die Afrikaner na homself laat kyk.'

Vir die man wat eers 'n sielkundige-kriminoloog en tronkbewaarder was, was **Die kandidaat** ons filmbedryf se eerste groot regie-onderneming. Hermien Dommissie, doyenne van die verhoog, het destyds só oor hom gesê: 'In dertig jaar se teaterbelevens is dit die eerste keer dat ek voel dat 'n man werklike diep spore in die teater gaan trap.'

En hy het. Hy het die Afrikaanse vertel-toneel ingrypend verander. Befaaemde filmmakers soos Emil Nofal, Elmo de Wit, Gordon Vorster en Jamie Uys het bygehou en ewe grootse films begin maak.

Rautenbach het in 1969 nog 'n maatstaf vir regisseurswerk, filmtema en toneelspel geskep met **Katrina**, met Katinka Heyns in die hoofrol. 'Nog 'n skok vir die Afrikanerpsige,' beskryf Van Nierop dit. Volgens hom het Rautenbach 'rolprentgangsters se vingers in kragproppe gedruk toe verstrooiingsvermaak besig was om oor te neem. Hy het die kleurkwessie pertinent, onberispelik en waaghalsig aangespreek en die temas van rassisme en identiteit behoorlik uitgebeeld'.

Rautenbach maak weer so met **Jannie totsiens**, **\*Pappa Lap**, **Angewenste vreemdeling**, **\*Eendag op 'n reëndag**, **Blink Stefaans** en **Broer Matie**. En sy laaste, **Abraham** — 'n fliëk wat soms, volgens Van Nierop, met die 'tipiese Rautenbach-vertelstyl jou vierkantig tussen die oë tref. Die Karoo-toneel lyk soos Pierneef-skilderye, dis 'n fliëk wat getuig van filmiese vakmanskap. Jans gee vir akteurs 'n sleutel waarmee hul karakters se koppe oopgesluit kan word'.

In dié fliëk mymer hy oor die tydloosheid van die Karoo, die brutale pyn van kunstenaarskap en die mistroostigheid van ongeduld. Dis 'n fliëk oor homself, die filmvakman.

In die boek **Jans Rautenbach, dromer, baanbreker en auteur**

skryf Martin Brand dat Rautenbach al die spelers in sy fliëks se dialoog uit sy kop geken het.

Jans het, nadat hy en sy vrou, Almeri, 'n stuk grond in die Vlakteplaas-omgewing naby De Rust aangeskaf het, tussen daar en Johannesburg, waar sy ateljee was, gependel. 'Hy het jare lank beweeg tussen regie en gesinslewe. Sy vrou was die boumeester, terwyl die groot regisseur so nou en dan opgedaag het en sy stem dik gemaak het.' Jans het haar as die anker in sy lewe beskryf.

Vlakteplaas Primêr, 'n skooltjie naby sy plaas, Oulap, was ook die plek waar 'n gedenkdiens vir hom gehou is. Jans Rautenbach het met sy ondersteuning die skool help uitbou om onderrig van gehalte te bied.

Volgens Van Nierop was **Abraham** 'n interessante afsluiting van 'n gewaardeerde loopbaan, met dié belofte: 'lewers in die ou man vol flenterdrome is daar nog een storie wat wag om vertel te word. Ordentlik vertel te word,' skryf hy in **Daar doer in die fliëk**.

Maar Jans is weg vóór daardie vertelling. Tog, sy nalatenskap is genoeg vir 'n ander grote in die filmwêreld om é'nige storie ordentlik te vertel.

#### Bykomende bronne

Van Nierop, Leon, **Daar doer in die fliëk**, Protea Boekhuis.

Botha, Martin en Steinmair, Deborah, 2006, **Jans Rautenbach: dromer, baanbreker en auteur**, Genugtig!

**Nota:** \*Nie in voorraad

*Marlene Malan is 'n vryskutjoernalis, -vertaler en -taalversorger van Prince Albert*





# Biblioteek of apteek?

'n Nostalgieuse terugblik deur Daniel Hugo



**B**oekversamelaars gru meestal vir bekrapte boeke. Op my boekrak staan daar so 'n boek, maar dit is een waarvan ek nooit ontslae sal raak nie.

In JC (Jaap) Steyn se herinneringsboek, *Sonkyker* (Tafelberg, 2008), skryf hy onder meer oor die tydjie wat ek by hom in Bloemfontein geloseer het. My huwelik, my lektorsloopbaan en my proefskrif was toe (1988) in hulle onderskeie doodsnikke. Die proefskrif het oor die vernufpoësie in Afrikaans gehandel, met die gedigte van Merwe Scholtz en JC Steyn as my eintlike ondersoekterrein.

Jaap se meenthuis was inderwaarheid 'n bewoonde biblioteek. Daar was oral boeke, selfs in sy kombuiske. Jaap vertel self verder: 'Daniel se vierjarige seun, George, het ná 'n besoek vertel van die groot "apteek" in my huis, waarmee hy die biblioteek bedoel het. Maar sy pa het net letterkunde, boeke oor die letterkunde en biografieë van skrywers daaruit gelees en vir al die ander interessante goed in my "apteek" sy neus opgetrek.'

Dit was natuurlik 'n groot voorreg én voordeel om 'n inwonende gas by een van my navorsingsonderwerpe te wees.

Uit nostalgie gaan haal ek weer Jaap se digbundel, *Die grammatika van liefhê* (1975), uit my rak. Die gedigte is intensief geannoteer deur die ywerige doktorsgraadkandidaat. Voorin staan my naam met plek en datum van aanskaffing: 'Majuba, Stellenbosch, 1976.' Die honneursstudent en inwoner van die Majuba-koshuis sou in 1976 natuurlik nooit kon raai dat hy 'n dekade later dieselfde bundel lettergreep vir lettergreep sou bestudeer onder dieselfde dak as die digter nie.

Ek blaai deur die boek en verwonder my oor die vreemde woorde wat langs die verse in potlood geskryf staan: apokoinou, paronimie, homonimie, homofonie, polisemie, ikonisiteit ...Soveel geleerdheid wat met die jare verdof het!

Ek kom op 'n gedig af wat met 'n dik streep deurgehaal is. En skielik onthou ek. Toe ek Jaap oor een of ander duisterheid in die gedig vra, gryp hy die potlood uit my hand en trek die streep daardeur met die opmerking: 'Dis louter stront!' Dit is die strengste voorbeeld van selfkritiek wat ek al by 'n digter teëgekom het. Ek het so groot geskrik dat ek die gedig toe nie in my proefskrif bespreek het nie.

Jaap Steyn was nog altyd redelik pessimisties oor die voortbestaan van Afrikaans. Die titel van die afgekeurde gedig is *Einde*, en die volgende uitspraak kom daarin voor: 'Érens het 'n taal 'n geslote boekery geraak, 'n afgesluite hoofstuk.'

Sou Jaap se daad van vandalisme dalk ook kritiek kon wees op sy donker siening oor die toekoms van Afrikaans? Sy jongste publikasie is die magistrale geskiedenis van Afrikaans as kultuurtaal: *Ons gaan 'n taal maak — Afrikaans sedert die Patriot-jare* (Kraal Uitgewers, 2014). Sy hoopvolle slotwoorde en raad aan Afrikaanssprekendes is: 'Skep 'n eie toekoms.'

Hoe dit ook al sy: die paar weke in JC Steyn se 'geslote boekery' was van die leersaamste in my lewe. In daardie 'apteek' kon ek ook rus en genesing vind gedurende 'n onstuimige tydperk in my lewe. Daarvoor sal ek Jaap ewig dankbaar bly.

---

*Dr Daniel Hugo is 'n voormalige dosent asook redakteur van literêre programme. Hy is die ontvanger van talle toekennings in die uitsaaiwese asook vir prysgehalte vertalings van literêre werke.*



# Season's Greetings!

The **Cape Librarian** editorial team wishes you a festive holiday season and a very happy New Year



Szerena



Grizéll



Helga



Wynand

## NON-FICTION VAKLEKTUUR

### General Algemeen

- 001.9 SHI Shircore, Ian. Conspiracy!: 49 reasons to doubt, 50 reasons to believe.  
001.94 MYS Mysteries of the unknown: inside the world of the strange and unexplained.  
004.67 BLU Blum, Andrew. Tubes: behind the scenes at the Internet.  
R 031 WOR The World Book encyclopedia.  
Q 070.449355 HOO Hood, Jean. War correspondent: reporting under fire since 1850.  
R 070.5025 PUB Publisher's Association of South Africa. Guide to publishing in South Africa, 2015.  
081 AMI Amis, Martin. The second plane: September 11, 2001-2007.

### Philosophy and Psychology Filosofie en Sielkunde

- 133.903 ILL Illes, Judika. The encyclopedia of spirits: the ultimate guide to the magic of fairies, genies, demons, ghosts, gods & goddesses.  
133.9325 CHA Chauran, Alexandra. Spirit boards for beginners: the history & mystery of talking to the other side.  
153.83 SAL Salecl, Renata. The tyranny of choice.  
153.9 HUR Hurley, Dan. Smarter: the new science of building brain power.  
158.1 BEN Bennett-Goleman, Tara. Mind whispering: a new map to freedom from self-defeating emotional habits.  
158.1 BYR Byrne, Rhonda. Hero.  
158.1 PUT Putter, Jannie. Game plan for life: how to overcome life's challenges.  
158.2 CHA Chapman, Gary. The 5 love languages: singles edition.  
171.2 HAR Harris, Sam. The moral landscape: how science can determine human values.  
174.2 ETH Pera, Silvia. Ethics in healthcare.  
199.6 STE Stevens, Fayiso Liyang. The African philosophy of self-destruction.  
199.68 VER Versfeld, Marthinus. Oor gode en afgode.

### Religion Godsdiens

- 222.1306 MAL Malan, Johan. Die sewe feeeste: God se profetiese raadsplan vir redding en groei.  
230.0968 VER Verster, Pieter. Kaleidoskoop van kerke: wat kerke glo en doen.  
238.4268 BEL Theron, Piet. Belhar geweeg.  
X 248.24 NTW Ntweni, MA. UNTsikana umthunywa ka-Thixo.  
248.4 GRE Greenwood, Rebecca. Defeating strongholds of the mind: a believer's guide to breaking free.

- 248.4 NAI Naidoo, Errol. No compromise.  
248.845 SMI Smith, Tom. 7 ritmes vir kinders.  
248.86 GOU Gous, Henk. Stres in die werkplek.  
269 MOS Mostert, Bennie. When God renews people: how the Holy Spirit has moved in people through the ages.  
272.9 SHO Shortt, Rupert. Christianophobia.  
294.561 HAR Hartsuiker, Dolf. Sadhus: holy men of India.  
297.1977 ABD Abdelkader, Dina. Social justice in Islam.

### Social Science Sosiale Wetenskap

- 305.83936 DEV De Vries, Fred. Rigtigbedonnerd: op die spoor van die Afrikaner post-'94.  
305.8968 EXO Landau, Loren B. Exorcising the demons within: xenophobia, violence and statecraft in contemporary South Africa.  
306.44 COE Coetzee, Carli. Accented futures: language activism and the ending of apartheid.  
307.76 MON Montgomery, Charles. Happy city: transforming our lives through urban design.  
307.760968 MUR Murray, Martin J. City of extremes: the spatial politics of Johannesburg.  
320.968 HAM Hamilton, Lawrence. Are South Africans free?  
326.96 STI Stilwell, Sean. Slavery and slaving in African history.  
326.968 SLE Sleigh, Dan. The taking of the slaver Meermin, 1766.  
327.12 LUC Lucas, Edward. Deception: spies, lies and how Russia dupes the West.  
332.024 BOA Boakye, Eric. Proven methods of making money & building wealth in South Africa!  
332.024 HOW Howard, Jillian. The best pocket guide ever for family finances.  
332.02401 MAK Makwakwa, Vangile. Heart, mind & money: using emotional intelligence for financial success.  
336.68 PUB Black, Philip A. Public economics.  
337 PER Perkins, John. Hoodwinked: an economic hit man reveals why the global economy imploded — and how to fix it.  
342.68082 S.A. Immigration Act 13 of 2002 & Regulations.  
344.680125 NEL Nel, Jan Kemp. The dismissal: a practical and informative toolkit to ensure a fair and effective dismissal.  
345.6808 CHI Karels, MG. Child offenders in South African criminal justice: concepts and process.  
346.68086 MIL Millard, Daleen. Modern insurance law in South Africa.  
346.730482 WIL Wilsey, Darren. The musician's guide to licensing music:

- how to get your music into film, TV, advertising, digital media, and beyond.  
352.068 SID Siddle, Andrew. The failure of decentralisation in South African local government: complexity and unanticipated consequences.  
355.02 MOR Morris, Ian. War: what is it good for?: the role of conflict in civilisation, from primates to robots.  
356.11 BRE Breytenbach, Jan. Forged in battle: the birth and growth of 32 Battalion from former enemies and terrorists into decorated soldiers.  
356.11 NOR Nortje, Piet. The Battle of Savate: 32 Battalion's greatest operation.  
Q 359.0968714 SIM Rice, Bill. Simon's Town dockyard: the first 100 years.  
362.29286 CAR Carr, Allen. Stop drinking now.  
362.296 BRO Broccardo, Marco. Rocks: one man's climb from drugs to dreams.  
362.41 LIF Colvin, Christopher. Lifelines: six South African stories of people with congenital blindness.  
363.20968 HOW Howarth, Nick. War in peace: [the truth about the South African Police's East Rand Riot Unit, 1986-1994].  
364.125 KLA Klatzow, David. Justice denied: the role of forensic science in the miscarriage of justice.  
364.150968 HOL Holland-Muter, Susan. Outside the safety zone: an agenda for research on violence against lesbian and gender-nonconforming women in South Africa.  
364.1523 JAM James, Bill. Perfect victims: slaughter, sensation and serial killers: an American criminal odyssey.  
364.1523 OCO O'Connor, Sean. Handsome brute: the true story of a ladykiller.  
364.168 OLS Olson, Parmy. We are Anonymous: inside the hacker world of LulzSec, Anonymous and the global cyber insurgency.  
366.10968 GRO Grosskopff, Rodney. Carved in stone.  
370.91734 WOO Wood, John. Leaving Microsoft to change the world: an entrepreneur's odyssey to educate the world's children.  
Q 371.271 BUR Burger, Maralyn. Consumer studies, Grade 12 CAPS: 3 in 1.  
Q 371.271 BUR Burger, Maralyn. Verbruikerstudies, Graad 12 KABV: 3 in 1.  
R 371.425 SAE Maxwell, Ricky. SA educational resource guide yearbook, 2015/2016.  
371.426817 WOJ Wojak, Angie. Starting your career as an artist: a guide for painters, sculptors, photographers, and other visual artists.  
371.46 VIT Vitali, Keith. Bullyproof your child: an expert's advice on teaching children to defend themselves.  
378.68 SHA Perold, Helene. Shaping the future of South Africa's youth: rethinking post-school education and skills training.



- 381.096867 THO Thompson, Michael Charles. Traders and trading stations of the central and southern Transkei.  
 381.33 KUH Kuhlmann, Ute. Happiness in a handbasket: buy local — the practical guide.  
 391.65 THO Thomas, Nicholas. Body art.  
 398.209683 SCH Scheepers, Myra. Round the Nguni fires.  
 X 398.209686 GON Gongo, Phakamile. Izilumko zakudala.

### Language Taalwetenskap

- 422 DEN Dent, Susie. Words of the year.  
 Q 428.24 MUR Murphy, Raymond. English grammar in use: a self-study reference and practice book for intermediate students of English, with answers.  
 439.360711 KAP Kapp, Pieter. Maties en Afrikaans: 'n besondere verhouding, 1911-2011.  
 R 439.363 VER Labuschagne, FJ. Verklarende Afrikaanse woordeboek.  
 491.478242 DWY Dwyer, Rachel. Get started in Gujarati: absolute beginner course.  
 496.0285 OSB Osborn, Don. African languages in a digital age: challenges and opportunities for indigenous language computing.  
 X 496.824 KIR Kirsch, Beverley. Complete Xhosa.

### Science Wetenskap


- 511.33 STE Stewart, Ian. Seventeen equations that changed the world.  
 519.542 SIL Silver, Nate. The signal and the noise: the art and science of prediction.  
 539.736 ACZ Aczel, Amir D. Present at the creation: the story of CERN and the Large Hadron Collider.  
 Q 551.457 SOU Ribbink, Anthea. South African coasts: a celebration of our seas and shores.  
 Q 572.96819 ELO Eloff, Fritz. Kinders van die duine: die lewe en omgewing van die Kalahari Boesman van weleer.

- 572.96821 NDL Ndlovu-Gatsheni, Sabelo J. The Ndebele nation: reflections on hegemony, memory and historiography.  
 Z 572.968491 NYE Nyembezi, Sibusiso. Inqolobane yesizwe.  
 574.92968 GRI Griffiths, Charles. Freshwater life: a field guide to the plants and animals of southern Africa.  
 574.999 BIL Billings, Lee. Five billion years of solitude: the search for life among the stars.  
 582.130968 FYN Esler, Karen J. Fynbos: ekologie en bestuur.  
 XL 582.130968 HAN Hansen, Sandra. Wild flowers of South Africa & Namaqualand: floral world heritage site.  
 584.150968 JOH Johnson, Steven. Orchids of South Africa: a field guide.  
 RQ 584.150968 LIL Liltved, William Rune. The Cape orchids: a regional monograph of the orchids of the Cape Floristic Region. Volume 1.  
 584.320968 VAN Van Wyk, Ben-Erik. Gids tot die aalwyne van Suid-Afrika.  
 591.5 ALD Alderton, David. Animal grief: how animals mourn.  
 598.2968 REY Reynolds, Chevonne. 300 easy-to-see birds in Southern Africa.  
 598.2968 REY Reynolds, Chevonne. 300 maklik sigbare voëls in Suider-Afrika.  
 599.7358 FRO Frost, Willem. The antelope of Africa.  
 599.7444 JAN Jans, Nick. A wolf called Romeo.

### Applied Science Toegepaste Wetenskap

- 613.25 LIE Liebenberg, W Adriaan. Die breinchirurg se dieet: span jou brein in om vet af te skud.  
 613.25 MAR Markham, Brett L. Modern caveman: the complete paleo lifestyle handbook.  
 613.943 FAM Family planning: a global handbook for providers: evidence-based guidance developed through worldwide collaboration.  
 614.88 BUY Buys, Linda. The illustrated South African first-aid manual for the home, office and outdoors.  
 Q 614.88 ESS Essential first aid manual for Southern Africa.

- 616 SOU Mash, Bob. South African family practice manual.  
 616.365 MOR Moritz, Andreas. The liver and gallbladder miracle cleanse: an all-natural, at-home flush to purify & rejuvenate your body.  
 616.8 ROP Ropper, Allan H. Reaching down the rabbit hole: extraordinary journeys into the human brain.  
 616.83 AND Andrews, June. Dementia: the one-stop guide: practical advice for families, professionals, and people living with dementia and Alzheimer's disease.  
 616.8522 ADA Adam, David. The man who couldn't stop: the truth about OCD.  
 616.8522 ROT Roth, Geneen. Women, food and God: an unexpected path to almost everything.  
 617.1027 MET Metzl, Jordan D. The athlete's book of home remedies: 1001 doctor-approved health fixes & injury-prevention secrets for a leaner, fitter, more athletic body!  
 617.735 HOD Hodgson, Janet. Living with low vision.  
 Q 620.11 TIN Tindell, Henry. Engineering materials.  
 629.13332 LIU Liu, Bin. Chinese kites: an illustrated step-by-step guide.  
 629.246 LAW Lawes, Jon. Car brakes: a guide to upgrading, repair and maintenance.  
 635.0484 ANT Anthony, Diana. Anyone can grow vegetables: simple steps to creating an organic edible garden.  
 635.0484 ANT Anthony, Diana. Enigeen kan groente kweek: maklike stappe om 'n organiese kostuim te skep.  
 635.0484 SHE Shein, Christopher. The vegetable gardener's guide to permaculture: creating an edible ecosystem.  
 Q 635.933372 STE Steyn, Nan. Rose: die Suid-Afrikaanse groeigids vir al vier seisoene.  
 635.93415 VEN Venter, Hendrik. Orchids in South Africa: a gardener's guide.  
 635.93432 MIK Mikolajski, Andrew. Hostas: an illustrated guide to varieties, cultivation and care, with step-by-step instructions and over 130 beautiful photographs.  
 636.089609 BEI Beinart, William. African local knowledge & livestock health: diseases & treatments in South Africa.  
 636.7 HAR Hare, Brian. The genius of dogs: discovering the unique intelligence of man's best friend.  
 636.70833 BEN Bendersky, Jorge. DIY dog grooming, from puppy cuts to best in show: everything you need to know, step by step.  
 636.78 HOL Holden, Wendy. Uggie, the artist: my story.  
 636.88 OCO O'Connor, Denis. Toby jug: a year in the life of a rescued cat.  
 Q 638.1 PIS Pisano, Tony. Build your own beekeeping equipment.  
 638.578 NOY Noyons, Lieveke. How to make butterflies feel at home in your garden.



- Q 639.2 GOV Govender, Neelan. Legend of the tide: roots of the Durban fishing industry.
- Q 641.5 NIE Niehaus, Carmen. Carmen's best recipes.
- Q 641.5 NIE Niehaus, Carmen. Carmen se beste resepte.
- 641.5 PAR Parker, Shanaaz. Indulgent week day meals.
- 641.5 PAR Parker, Shanaaz. Quick & easy main meals.
- 641.5 PAR Parker, Shanaaz. Step by step cook and bake with Shanaaz Parker.
- 641.5784 NEL Nel, Jean. Cooking with gas.
- Q 641.5968 DUT Du Toit, Peet. Skottel en spens: stories, verse en resepte uit die Afrikaanse koskultuur.
- Q 641.59684 RAT Rattray, Nicky. Out of the fire into the frying pan: a collection of favourite recipes & family stories from Fugitive's Drift.
- Q 641.596871 ABR Abrahams, Cass. 'n Lewe met kos.
- Q 641.596871 ABR Abrahams, Cass. A life with food.
- 641.596871 PAR Parker, Shanaaz. Cape Malay classic cooking.
- Q 641.692 JOO Jooste, Susina. The South African fish and seafood cookbook.
- Q 641.631 DUT Du Toit, Errieda. Koekedoor.
- 641.812 PAR Parker, Shanaaz. Easy finger foods & savouries.
- 641.83 LAS Lascaris, Chantal. All sorts of salads.
- 641.85 VAN Van Zyl, Katrien. Bruidspare in suikerkuns.
- 641.85 VAN Van Zyl, Katrien. Sugar brides & grooms.
- Q 641.853 PTA Ptak, Claire. The old-fashioned hand-made sweet shop recipe book: make your own confectionery with over 90 classic recipes for irresistible sweets, candies and chocolates, shown in 450 stunning photographs.
- 645 OVE Overturf, Misi. Real easy decor & DIY (do it yourself): for the love of beautiful things.
- 646.437 SMI Smith, Nicole. Skirt-a-day sewing: create 28 skirts for a unique look every day.
- 649.1 PUT Putter, Jannie. Wenplan vir jou kind se lewe: vir koelkop ouers.
- 649.125 FED Fedler, Joanne. Love in the time of contempt: consolations for parents of teenagers.
- 657 CLO Cloete, Melanie. Basic accounting for non-accountants.
- 658.05467 GAN Gansky, Lisa. The Mesh: why the future of business is sharing.
- 658.15 MAR Marx, Johan. Finance for non-financial managers.
- 658.40722 MAS Massie, Kaylan. Executive salaries in South Africa: who should have a say on pay?
- 658.7 FUN Mbanje, Samson. Fundamental principles of supply chain management.
- 658.8 MAR Koekemoer, Ludi. Marketing communication: an integrated approach.

- 684.1044 COO Cook, William. Repairing & restoring chests & cabinets: professional techniques to bring your furniture back to life.
- 684.1044 COO Cook, William. Reviving & repairing surfaces: professional techniques to bring your furniture back to life.
- Q 684.2 RAE Rae, Andy. Building doors & drawers: a complete guide to design and construction: dovetailed drawers, utility drawers, cabinet doors, special doors, hardware.

### Arts and Recreation Kunste en Ontspanning

- Q 709 WAT Freschi, Federico. Water, the [delicate] thread of life.
- RQ 709.05 GRO Grovier, Kelly. 100 works of art that will define our age.
- Q 720.228 DRI Driscoll, Matthew. Model making for architects.
- Q 720.96 AFR Lepik, Andres. Afritecture: building social change.
- 739.533 GRI Griffiths, Sandy. Pewter jewellery.
- 739.533 GRI Griffiths, Sandy. Piouterjuwele.
- 745.5941 VEN Venter, Jaclyn. Plak dit ook: idees vir geskenke en dekoritens met fotoplaktegnieke.
- Q 746.4 SIN Singer Ruth. Fabric manipulation: 150 creative sewing techniques.
- 746.44 VAN Van Niekerk, Di. Blomme in sy- en organzjalint.
- 746.44 VAN Van Niekerk, Di. Little flowers in silk and organza ribbon.
- 746.92 SCH Schwaab, Catherine. Talk about fashion.
- Q 747 HEN Henson, Emily. Bohemian modern.
- Q 779.9968 SCH Schadeberg, Jurgen. South Africa: six decades.
- 780.92 BRI Kildea, Paul. Benjamin Britten: a life in the twentieth century.
- 796.52 DEL De la Harpe, Vaughan. Poles apart: with some pointy bits in between.
- 796.52095 HOY Hoyland, Graham. Last hours on Everest: the gripping story of Mallory & Irvine's fatal ascent.

### Literature Letterkunde

- 820.99282 JEN Jenkins, Elwyn. Seedlings: English children's reading and writers in South Africa.
- 821.008 INT Hirson, Denis. In the heat of shadows: South African poetry, 1996-2013.
- 821.92 WYL Wylie, Dan. Slow fires.
- 822.914 FUG Fugard, Athol. The train driver.
- 826.92 AUS Auster, Paul. Here and now: letters 2008-2011.
- 827.92 CRA Crace, John. The digested 21st century.
- 839.3615 MUL Muller, Petra. Om die gedagte van geel.
- 839.3616 BAS Basson, Eunice. Leiboom.
- 839.3675 BRI Brink, Andries. 501 lekkerlag-grappe.
- X 896.1 MAP Maputi, Sibongile. Ivamna bafazi bolusu.

### Travel Reisbeskrywing

- 914.2 GRE Wilson, Neil. Great Britain.
- 914.4 FRA Williams, Nicola. France.
- 915.4 DAL Dalrympie, William. Nine lives: in search of the sacred in modern India.
- 915.4 GRI Grier, David. India lost & found: madcap adventures.
- 916.8 DEL Delmar, Peter. The Platinum Road: the road to Botswana.
- 916.8 FRO Froud, Mike. My wineroute South Africa: a guide to the top quality wines, great value wines and the best wine cellars — as rated by the world's top judges.
- Q 916.8712 HOB Hoberman, Marc. V&A Waterfront: 25 years.
- Q 916.8712 YEL Yeld, John. Mountains in the sea: a celebration of The Table Mountain National Park.

### Biography Lewensbeskrywing

- 920 BUS Bush, George W. 41: a portrait of my father.
- 920 CAR Carim, Mohamed F. Coolie,



- come out and fight!: a South African memoir of love, courage and journeys to a better place.
- 920 CHA Mayer, Catherine. Charles: the heart of a king.
- 920 DLA Dlanga, Khaya. To quote myself: a memoir.
- 920 DUM Dunn, Jane. Daphne du Maurier and her sisters.
- 920 JIJ Jijana, Thabo. Nobody's business: a taxi owner, a murder, and a secret — a memoir.
- 920 KIR Kirsten, Deborah. Chai tea & ginger beer: my unexpected journey — cricket, family and beyond.
- 920 MAB Mabalane, Kabelo. I ran for my life: my story.
- 920 MAH Mahama, John Dramani. My first coup d'état: memories from the lost decades of Africa.
- 920 MAI Lennon, J Michael. Norman Mailer: a double life.
- 920 PAR Parow, Jack. Jack Parow: die ou met die snor by die bar.
- 920 PAT Patterson, Gareth. My lion's heart: a life for the lions of Africa.
- 920 SHT Shteyngart, Gary. Little failure: a memoir.
- 920 SLO Wieder, Alan. Ruth First and Joe Slovo in the war against apartheid.
- 920 TUR Hodges, Andrew. Alan Turing: the enigma

## History Geskiedenis

- 930 HAN Hancock, Graham. Magicians of the gods: the forgotten wisdom of earth's lost civilisation.
- 930.1 HAU Haughton, Brian. Ancient treasures: the discovery of lost hoards, sunken ships, buried vaults, and other long-forgotten artifacts.
- 933.05 GOO Goodman, Martin. Rome and Jerusalem: the clash of ancient civilizations.
- 940.5315296 LOW Lower, Wendy. Hitler's furies: German women in the Nazi killing fields.
- 940.54126 KIL Killingray, David. Fighting for Britain: African soldiers in the Second World War.
- 950.2 MAN Man, John. The Mongol Empire: Genghis Khan, his heirs and the founding of modern China.
- 951.05 YAN Yang, Jisheng. Tombstone: the untold story of Mao's great famine.
- 951.5 STA Starks, Richard. Lost in Tibet: the untold story of five American airmen, a doomed plane, and the will to survive.
- Q 968.047 OOR Nasson, Bill. The war at home: women and families in the Anglo-Boer War.
- Q 968.048 MOR Leach, Charles. The legend of Breaker Morant is dead and buried: a South African version of the Bushveldt Carbineers in the Zoutpansberg, May 1901-April 1902.

- Q 968.712 HIS Hislop, Jim. Wheatfields and windmills: the old homesteads and farms of Observatory and surrounds, Cape Town.
- 968.712 MEM Adams, Keith. Memory keepers: District Six — conversations with national living treasures.
- Q 968.712 ROB Robinson, Helen. Constantia and its neighbours.

## ENGLISH FICTION

- Clements, Toby. Winter pilgrims.
- Cloke, Nicci. Lay me down.
- Cogman, Genevieve. The invisible library.
- Cohen, Tamar. The broken.
- Cole, Martina. The good life.
- Coleman, Rowan. Runaway wife.
- Delinsky, Barbara. Blueprints.
- Delpont, Melissa. Rainfall.
- Denfeld, Rene. The enchanted.
- Devereux, Kim. Rembrandt's mirror.
- Douglas, Claire. The sisters.
- Drvenkar, Zoran. You.
- Fforde, Katie. The perfect match.
- Flagg, Ethan. Shotgun charade.
- Follett, Ken. Edge of eternity.
- Galland, Nicole. Stepdog: a novel.
- Gappah, Petina. The book of memory.
- Gardner, Lisa. Crash & burn.
- Garland, Rosie. Vixen.
- Graham, Joanne. Lacey's house.
- Green, Jane. Saving Grace.
- Green, Jane. Summer secrets.
- Grey, SL. Under ground.
- Harris, Robert. Dictator.
- Hayder, Mo. Wolf.
- Heaberlin, Julia. Black eyed Susans.
- Hewson, David. The wrong girl.
- Hoffman, Alice. The marriage of opposites.
- Holmes, Valerie. A stolen heart.
- Holt, Tom. The good, the bad and the smug.
- James, Beth. Looking for Laurie.
- James, Peter. The house on Cold Hill.
- Jaquiere, Anna. The lying-down room.
- Jardine, Quintin. Hour of darkness.
- Jardine, Quintin. Mathew's tale.
- Kava, Alex. Silent creed.
- Kavanagh, Tasha. Things we have in common.
- Kelly, Cathy. It started with Paris.
- Kepler, Lars. The Sandman.
- L'Ange, Jacqui. The seed thief.
- Law, JS. Tenacity.
- Levin, Cecile. A piece of cake.
- Liu, Cixin. The three-body problem.
- Lynds, Gayle. The assassins.
- McNab, Andy. Fortress.
- McNab, Andy. Red notice.
- McNab, Andy. Silencer.
- May, Peter. Blow back: an Enzo Macleod investigation.
- May, Peter. Freeze frame.
- Mendelson, Paul. The serpentine road.
- Meyer, Deon. Icarus: [a Benny Griessel novel].
- Michael, Livi. Succession.
- Michels, Elizabeth. Must love dukes.
- Montefiore, Santa. The beekeeper's daughter.
- Moran, Michelle. The last queen of India.
- Morrison, Gael. Meet me at midnight.
- Morrison, Toni. God help the child.
- Morrissey, Di. The road back.
- Murakami, Haruki. Hear the wind sing, and Pinball, 1973: two novels.
- Murray, JJ. A good man.
- Murray, Paul. The mark and the void.
- Nadel, Barbara. Land of the blind.
- Nesbo, Jo. Midnight sun.
- Neville, Stuart. Those we left behind.
- Osondu, EC. This house is not for sale.
- Palahniuk, Chuck. Beautiful you.
- Patterson, James. Cross justice.
- Patterson, James. Murder house.
- Patterson, James. NYPD Red 3.
- Parnham, IJ. The devil's marshal.
- Payton, Brian. All this will be lost.
- Peek, Ben. The godless.
- Pulley, Natasha. The watchmaker of Filigree Street.
- Punke, Michael. The revenant.
- Rademacher, Cay. The murderer in ruins.
- Rand, Ayn. Ideal: the novel and the play.
- Rendell, Ruth. The girl next door.
- Reyneke, Duncan John. Nails in the sky.
- Rhodes, Kate. A killing of angels.
- Rickman, Phil. Night after night.
- Riddle, AG. The Atlantis gene.
- Riddle, AG. The Atlantis plague.
- Riddle, AG. The Atlantis world.
- Roberts, Gregory David. The mountain shadow.
- Sanchez, Mamen. The altogether unexpected disappearance of Atticus Craftsman.
- Sanderson, Mark. The whispering gallery.
- Scalzi, John. Lock in.
- Simson, Graeme. The Rosie effect.
- Smith, Tom Rob. The farm.
- Stanley, Michael. A death in the family: a Detective Kubu crime novel.
- Steel, Danielle. Pegasus.
- Steel, Danielle. Precious gifts.
- Tillman, Vance. Late for Gettysburg.
- Toptas, Hasan Ali. Reckless.
- Tregillis, Ian. The mechanical.
- Van Alkemade, Kim. Orphan #8.
- Van den Berg, Laura. Find me.
- VanderMeer, Jeff. Annihilation.
- Van Lustbader, Eric. Robert Ludlum's The Bourne ascendancy: a new Jason Bourne novel.
- Wait, Rebecca. The followers.
- Walker, Peter. Some here among us.
- Woodhouse, Jake. Into the night.
- Wroe, Simon. Chop chop.
- Yallop, Jacqueline. Marlford.
- Young, William P. Eve.
- Xenopoulos, Rahla. Tribe: a novel.
- Zupan, Kim. The ploughmen: a novel.





---

[www.westerncape.gov.za/library](http://www.westerncape.gov.za/library)



**Western Cape  
Government**

Cultural Affairs and Sport